

Stry vir die Geloof



05

DIE VERGADERING VAN
GELOWIGES ...

Die lering en instruksies van die
Apostel Paulus ...



Christian Truth Ministries
TEL:+27 (0) 43 7221520
Email:truthmin@mweb.co.za
www.truthmin.co.za



Stry vir die Geloof...

Content and teaching:

Published by Christian Truth Ministries – www.truthmin.co.za

Judas 1 : 3

Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.

In hierdie tye waarin ons leef is dit baie belangrik en van onskatbare waarde om te weet wat jy glo, maar ook om te stry vir dit waarin ons glo, naamlik vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Die Woord van God is onveranderlik en dit is nie ons plek om daarvoor te debatteer of dit te wil "aanpas" nie. Ons is geroep om te veg vir die waarheid wat aan ons geopenbaar is deur Sy magtige Woord.

Hierdie reeks leringe poog nie om op die Woord uit te brei, of dit te verander, of om 'n bepaalde standpunt te verdedig nie, maar om liewer die openbaring van die Woord weer te gee op 'n verstaanbare, bondige wyse, in gees en in waarheid (die belangrikste!).

Ons glo die Woord van God is die onfeilbare waarheid en alle aspekte van hierdie lering kom direk uit die Woord en word helder en duidelik uiteengesit, sodat die volheid van Christus Jesus beskikbaar is vir almal wat bereid is om hulle met volle oorgawe daartoe te verbind. So kan mens dan presies weet wat dit is waarin jy glo en met opregte oortuiging daarvoor stry.

Die onderwysing in hierdie reeks sal ongetwyfeld tot groot voordeel strek vir individue, asook vir die Liggaam van Christus. Dit kan ook deur u persoonlik gebruik word, as 'n kleingroep-studie, as 'n gemeente Bybelstudie, of as 'n boodskap aan die groter gemeente. Maak gerus kopieë en versprei hierdie leringe (gratis), maar hou asseblief by ons kopiereg ooreenkoms – druk en kopiëer die leringe in die uitlegformaat van hierdie dokument en moet geen logo's, bladuitleg en / of name verander nie. Ook mag geen kopieë verkoop word nie. Sou u verkies om eerder gedrukte kopieë te koop, kontak ons asb. by Christian Truth Ministries.

Mag God u ryklik seën terwyl u tyd spandeer in Sy Woord en in gebed en opreg, ywerig veg vir die geloof wat eenmaal oorgelewer is aan die heiliges.

Peter Michell

Christian Truth Ministries
www.truthmin.co.za

INHOUDSOPGAWE

STUDIE 5	4
DIE VERGADERING VAN GELOWIGES	4
Die toepassing en werking van die Nuwe-Testamentiese Kerk	5
Die Lering van die Apostels	6
Gemeenskap van die Heiliges	6
Die breking van die Brood	6
Gebede	6
SKRIFVERWYSING IN STUDIE 5	7

STUDIE 5

Hierdie Studie lig kortliks 'n paar skriftuurlike hoofpunte uit rakende die toepassing van die Kerk, sodat God verheerlik, aanbid en gedien kan word en Sy wil kan geskied op die aarde, net soos in die Hemel. Daar is geen voorgeskrewe diensstruktuur/liturgie nie, slegs die salwing van die Heilige Gees om aan die weergebore gelowiges in die Liggaam van Christus leiding te gee.

Die toepassing en werking vervat in *Handelinge 2:42* beklemtoon die omvang van die Nuwe-Testamentiese Kerk. Die lering en instruksies van die Apostel Paulus word spesifiek toegepas met betrekking tot dié voorskrifte en opdragte wat duidelik in die Bybel aan ons, die Kerk, gegee is. 1 Korinthiërs 11:1,2

DIE VERGADERING VAN GELOWIGES HANDELINGE 2:42

God het nog altyd onder Sy mense gewoon, alhoewel Hy nie gesien word nie. Hy het nog altyd gepraat op die tyd en plek wat Hy aangewys het, sodat Sy wil en doel volbring kan word. Deur al die eeue het God gepraat om die mens te onderrig, te lei en te leer volgens die behoefte van die tyd. Hy het deur Moses gepraat toe Hy aan hom die Wet gegee het op die berg – die boodskap moes oorgedra word aan die kinders van Israel. Sy teenwoordigheid was geopenbaar in die Heiligdom – die Tabernakel in die wildernis. Hier is al die offers en wasserye ens. uitgevoer volgens spesifieke tye en seisoene; hier is al Sy voorskrifte onderhou en bewaar, soos bv. die Pasga. Later is die tempel van Salomo gebou om die Tabernakel te vervang en die Leviëte is aangestel as priesters om al die dienste in die tempel te hou

In die Nuwe Testament het die Tempel die plek geword waar die Fariseërs hul eie-geregtige godsdiens uitgeleef het. Jesus het gekom om dit weg te neem deur Sy offerdood en heerlike opstanding. Hy het opgevaar na die hemel sodat die Heilige Gees kon kom om die Kerk te bemagtig vir die bedoeling wat God daarmee gehad het.

Notas/Verwysings

1 Korinthiërs 14:40;
Kolossense 2:5

Exodus 15:1-2; 25:1-2; 39:32;
Exodus 12:2-3, 24;
2 Kronieke 2:1-5;
Numeri 1:50; 8:18-19

Johannes 16:7; Handelinge 1:8

Na die Pinksterdag, toe Petrus opgestaan het om te preek, vol van die Heilige Gees, is mense se harte "geprik" en het hulle by die aanhoor van die Woord begeer om te weet wat hulle moes doen. Hulle het die Woord van die Here met blydschap aangeneem en eedragtig volhard in:

1. **Die lering van die Apostels**
2. **Die gemeenskap van die heiliges**
3. **Die breking van die Brood**
4. **Gebede**

Notas/Verwysings



Hierdie uitleg gee ons 'n idee hoe die Nuwe Testamentiese Kerk, waarvan die boek Handelinge vertel, begin funksioneer het en hoe die kerk by magte was, deur die krag van die Heilige Gees, om die wil van God te volbring waar Hy tot Sy kinders (seuns in die Gees) kon spreek en hulle onderrig en inlei in Sy wil en Ewige Plan.

Die Liggaam van Christus, die kerk, is 'n groep gelowiges wat in Sy Naam bymeekaarkom onder die gesag van die bedieninge soos in Efésiërs 4:11-17

Handelinge 2:14,37,41,42

1Korinthiërs 12:27-31;
Romeine 12:3-16

bevestig, en dit is die Heiligdom waar Hy nou woon. Die kerk het ook die 9 gawes van die Heilige Gees ontvang om die wil van God te volbring, sodat Christus alleen al die eer mag ontvang en voorrang mag geniet bo almal.

Die Leringe van die Apostels

Die byeenkoms/vergadering van die heiliges; waar die instruksies van die leringe na elke gelowige uitgaan deur die dwaasheid van die prediking en salwing van die Heilige Gees. Hierdeur ontvang die gelowiges die volle raad van God wat nodig is om in die genade en kennis van die Here Jesus Christus te groei. Gelowiges word deur die Woord alleen bekwaam om vas te staan en bevestig te word in die geloof wat in Christus is. Al vyf bedieninge is betrokke by die proses om die heiliges te vervolmaak om die werk van die bediening te kan vervul, totdat almal gevestig is in die eenheid van die geloof. Dit is absoluut noodsaaklik dat ons gedurigdeur herinner en gevestig word in hierdie dinge in die Bybelstudie-vergaderings.

Gemeenskap van die Heiliges

Die byeenkoms/vergadering waar die gelowiges die geleentheid het om te deel en hul maat wat hulle van Christus ontvang het, oor te dra, as priester-gelowiges, met elke lid wat van die ander verskil in genadegawes. Die leiding van die Heilige Gees in die rigtingwysing en beklemtoning is uiters belangrik. Die gelowiges leer om sensitief te word om te onderskei wat oorgedra word, deur die bedieninge, gawes, ens., sodat daar geen twyfel bestaan oor wat dit is wat God vir Sy Kerk wil sê nie. Elke bydrae van die gelowiges bevestig hierdie boodskap en alles word stigtelik en ordelik gedoen.

Die Breking van die Brood

Daardie byeenkoms/vergadering waar die kerk bymekaarkom om die dood, begrafnis en heropstanding van die Here Jesus Christus te onthou en te bewys. Dit is die tyd wanneer die gemeente saam rondom die tafel kan vergader om Hom te aanbid en prys, om te bid, om elkeen sy eie hart te ondersoek en beoordeel en om deel te hê aan die embleme, ter herinnering aan wat Christus namens ons volbring het.

NB! Studie 6 sal die breking van die Brood verder bespreek en uitbrei.

Notas/Verwysings

1 Korinthiërs 1:18,19;
1 Korinthiërs 3:10,11

2 Korinthiërs 13:1;
1 Korinthiërs 14:40;
Romeine 12;
1 Korinthiërs 14:26;
1 Johannes 1:3

1 Korinthiërs 11:23-32;
Handelinge 20:7;
1 Korinthiërs 10:16-17

Gebede

Die byeenkoms/vergadering waar die Liggaam van Christus saamkom in eenheid van gees en gedagte om te bid vir effektiewe deure om oop te gaan vir die prediking van die evangelie en vir die salwing van die Heilige Gees op diesulkes wat uitgaan om te preek. Gebede vir die behoeftes in die Liggaam van Christus, met smeking vir die wat siek is en gebuk gaan onder tekorte en lydinge, en vir die wat in die gevangenis is. Hier word ook ingetree vir die groei en bevestiging van nuwe bedieninge. Ons bid vir die regering van ons land - dat daar vrede mag wees sodat die evangelie ongehinderd mag uitgaan.

SKRIFVERWYSINGS IN STUDIE 5

Alle Skrifverwysings in hierdie studie is geneem uit die Ou Afrikaanse Vertaling

Handelinge 4:24,29-31; 21:12;
1 Timótheüs:1-4;
Efesiërs 6:18,19;
Hebreërs 13:3

